COMMUNITY NEWSPAPER

Happy Birthday

# Gans Berg Nuus/News

PRICE R15.00

4 July 2025

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

258th Edition




# CELEBRATING 5 SUCCESSFUL YEARS

## Vyf kersies op Gans-Berg Nuus se verjaarsdagkoek




"Wow, kan julle glo, Michelle van Zyl en haar gedugte span van die Gans-Berg Nuus vier binnekort hulle 5-jarige bestaan jaar," het een van Gans-Berg Nuus se lesers onlangs genoem.

Op 3 Julie 2020, toe die Gans-Berg Nuus sy eerste 'lig' aanskou het, was dit in die 'hitte' van die Covid-pandemie - 5 jaar gelede. Vanuit 'n besigheids-oogpunt was dit 'n bewys van onverskrokke waagmoed en deursettingsvermoëns van die eienaar en redakteur, Michelle van Zyl en haar span wat aan die dag gelê is. Sekerlik was daar wenkbroue wat oor hierdie besluit gelig is - maar 5 jaar later mag ons gemeenskapskoerant maar spog met 'n groei-proses van krag tot krag, met die goeie samewerking van ons getroue adverteerders en lesersgetalle - met ons 'baba-spoortjies' in die gedrukte media-bedryf wat lankal reeds uitgewis is.

Enkele knap personeellede het gedurende die afgelope 5 jaar weens persoonlike omstandighede gekom en gegaan, met almal wat 'n groot bydrae tot die koerant gelewer het. Tans word die koerant deur 'n klein, maar gedugte span, bedryf: Michelle van Zyl (eienaar en redakteur), Saskia van Zyl (advertensie-konsultant), Melissa van der Merwe (grafiese ontwerper) en Hardus Botha (joernalis).

*Volg op bladsy 2*






"Ek is trots op my span en op ons koerant, die enigste weeklikse gemeenskapskoerant. Met druk-media is dit nie altyd maklik nie, dit het sy uitdagings - advertensiemateriaal, spêrtye, stories vir berigte, proeflees, blad-uitleg, druk en aflewering van die koerante en baie meer,maar met my ondervinding as senior verkoopskonsultant by Hermanus Times vir amper 9jaar het ek gou gou geleer hoe om uitdagings te hanteer en mense verhoudings te bou en rispekteer. Dit is beslis nie altyd so maklik as wat mense dink nie, maar dit word daagliks deur ons en ons adverteerders en lesers gesien. Gelukkig druk ons self en skakel sodoende duur en onbekostigbare drukkers uit om ons pryse laag en bekostigbaar te hou. Dit word ook oor en oor bewys dat ons koerante mooi verkoop, wat ons met die '*returns*' (koerante wat nie verkoop word nie) kan bevestig.

Mense het al gevra waarom ons nie 'n WhatsApp-groep het nie. Die rede daarvoor is dat ek, as redakteur, aan 17 verskillende WhatsApp-groepe behoort, waarvan 14 van die groepe presies dieselfde lede het - met ander woorde, as ons iets op al die groepe plaas, word dit 14 keer deur dieselfde mense gesien, terwyl ons persoonlike data terselfdertyd deur dieselfde plasings van lesers, 'opgeëet' word. Op sosiale media kan ons wel by op Facebook, TikTok en Instagram besoek word.




Ons sorg vir nuus wat met respek, vriendelikheid, empatie en integriteit gepaard gaan, maar veral gefokus bly op feitlike en korrekte inligting, wat deur middel van persoonlike onderhoude bekom word, en wat elke week op die rakke van ons besighede geplaas word om vir ons adverteerders en lesers beskikbaar te kan wees." Sedert 3 Julie 2020 was daar gereelde en nuwe hoogtepunte wat plaasgevind het - met alles wat op die merkwaardige groei van ons weeklikse, gemeenskapskoerant gedui het. Enkele voorbeelde daarvan, waarop ons baie trots is, is:

**Recipe- and History Book*; *Getyeboek; *Aktiwiteitsboek; *NGK Almanak; *Jaarlikse Uilenkraalsmond Nuusblad; *Jaarlikse Laerskool Gansbaai Interskole Boekie; *Gereelde Vakansieprogramme; *Deelname aan Padblokades; *Franskraal Kunsroete en ander kunsuitstallings; *Sosiale Media: Facebook, TikTok en Instagram; *Betrokke en/of ondersteuning van: Kanker-fondsinsamelings, Liefdadigheidsorganisasies, Feeste wat aangebied word, beskikbaarheid vir funksies en oorhandigings en nog meer interessante beplanning vir die toekoms - *watch this space*!

Met 'n tikkie humor kan gespog word met 'n nuwe aankomeling wat by ons span 'aangesluit' het - Gans-Berg Nuus se Advertensie-konsultant, Saskia van Zyl, het op 21 Januarie 2025 geboorte aan 'n pragtige seuntjie, Sas, gegee, met die 'jong' Ouma Michelle van Zyl wat oorloop van trots en liefde vir die kleinding, wat alreeds tydens koerantaflewerings saamry!

Gans-Berg Nuus se verspreidingsarea sluit Groter Gansbaai, Stanford, Hermanus, Pearly Beach, Baarskeerdersbos en Bredasdorp. "As 'n span bedank ons graag ons adverteerders, lesers en alle instansies vir almal se voortgesette en getroue ondersteuning," sê Michelle. "Ons sien uit na Gans-Berg Nuus se volgende 5 'lewensjare' met almal se ondersteuning en lojaliteit teenoor Gansbaai se eie weeklikse, gemeenskapskoerant."

**Hardus Botha**

**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct for the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*

# Geliefde boer van B'bos oorlede
# -Sweatie Germishuys-



*Sweatie Germishuys.*

Sweatie Germishuys (76), 'n geliefde boer en kerkmens in die Baardskeerdersbos-omgewing, is op Maandag, 30 Junie 2025 onverwags oorlede. “Sweatie is Saterdag in die Bredasdorp Hospitaal met ernstige inwendige bloeding opgeneem, waar bloedoortappings gedoen is,” vertel sy broer, Cobus Germishuys. “As gevolg van geweldige bloedverlies was hy te swak om na Kaapstad oorgeplaas te word.”

Sweatie was sy hele lewe 'n boer op die plase Remhoogte en Protea - hy was ook baie betrokke by die gemeenskap en kerk was verskeie kere as ouderling verkies. “My broer sal verseker in die Strandveld-gemeenskap gemis word,” het Cobus bygevoeg. Cobus, wat verskeie berigte in die verlede aan die Gans-Berg Nuus gestuur het, het kort voor Sweatie se afsterwe 'n volledige koerantberig oor sy broer geskryf en goedgunstiglik ingestem dat die inligting gebruik mag word.

“In die rustige, landelike omgewing van Baardskeerdersbos, lê die plase Protea en Remhoogte, waar familie en harde werk die grondslag van die boerdery vorm,” skryf Cobus. “Sweatie boer al vir meer as 60 jaar - 'n lewenswyse wat begin het toe hy as jong seun op Remhoogte grootgeword het en saam met sy pa gewerk het. Later het Sweatie en sy seun, Wessel, die boerdery met toewyding voortgesit wat oor geslagte heen bewaar is.”



*Sweatie en Koba Germishuys, saam met Rina Niemann.*

Die twee plase fokus hoofsaaklik op melkboerdery en hulle voorsien melk aan Ladismith Kaas, 'n bekende melkverwerker. Hulle boer egter ook met 'n verskeidenheid van gewasse, soos mielies, groenboontjies, pampoene, skorsies, uie, beet en waatlemoene. Cobus vertel dat Sweatie en sy span ook 'n slim manier uitgevind het om niks te vermors nie. Die stronke en oorskot van mielies word tot voer vir die melkboere verwerk. Sodoende skep die boerdery 'n volhoubare stelsel waar elke deel van die oes gebruik word. Dan is daar nog hulle gewilde padstal met vars plaasprodukte en Marietta Uys (dogter) wat gratis koffie by haar 'pop-up' stalletjie aanbied, saam met roosterkoek, pannekoek en tuisgemaakte lekkernye wat te koop aangebied word.

“Sweatie se deursettingsvermoë, selfs onder moeilike omstandighede, was nog altyd 'n inspirasie vir almal wat hom geken het,” het Cobus gesê. Sweatie laat sy vrou Koba, Careen (Protea Flora), Marietta Uys, Wessel, Cobus, Rina Niemann en Beatie Willmot van Grabouw agter. Dit was Sweatie se wens om op Remhoogte begrawe te word. Hou die Gans-Berg Nuus se sosiale platforms, Facebook, TikTok en Instagram dop vir die finale reëlings. Die Redaksiespan van die Gans-Berg Nuus dra ook hulle meegevoel aan die familie oor en wens hulle sterkte toe op die pad vorentoe.

**Hardus Botha**









# Hoogvlieg Vlerke

'n Suksesstorie bly 'n inspirasie, veral vir jongmense. Sukses val egter nie uit die lug nie. Dit verg harde werk, lang ure, determinasie en 'n wil om vooruit te gaan.

Liezel Stemmet het 5 jaar gelede by die Prime Cut Meats groep van Hubert Greebe in Gansbaai aangesluit. Met 'n ysere wil aan die hand van Hubert se bekwame opleiding en die ondersteuning van haar man, Wihan, klim Liezel die volgende sport op haar leer wanneer sy op 1 Julie die pos as slaghuisbestuurder by OK Aggeneys aanneem. Wihan is een van die minderheid-mans wat sy vrou se harde werk verstaan en nie terugstaan vir huiswerk saans na werk en soggens voor werk nie. Spanwerk.

Dis baie ver van hulle gemaklike omgewing in die sin dat Wihan se ouers, Johan en Christine Stemmet, op Franskraal woon en hulle mekaar daagliks gesien het. 'n Hegte familieverband wat deur afstand verbreek word, maar 'n geleentheid wat hulle nie kon laat verbygaan nie. Hul graad 5 dogter, Anke, is een van Laerskool Gansbaai se uitblinkers. 'n Akademiese Graad 5-leerling wat verlede jaar Graad 4 se Top-Gansie was vir haar veelsydigheid. Anke gaan uiteraard haar maatjies mis, maar Sussie-kat is 'n nuwe troostroetel teen hierdie verlange.



*Wihan, Liezel en Anke Stemmet, saam met Sussie-kat.*

Liezel en Wihan is 12 jaar getroud nadat hulle vir 9 jaar reeds saam was. Hulle ken die afdraaipaaie van die lewe en juis as gevolg van hulle saamloop, kan hulle vandag met vertroue hierdie nuwe pad saam aanvat. 'n Pad van diepe dankbaarheid omdat hulle kan terugkyk en die voetspore sien waar Jesus hulle gedra het. Ook hoe God se planne vir hulle in plek geval het om te wees waar hulle vandag is.

Liezel beskryf haar sterkste punt as kliëntediens. Sy het 'n verhouding gebou met haar kliënte, hulle op die name genoem en geweet hoe hulle hul vleis gesaag wil hê, watter snitte hulle verkies, hoe dit verpak moet word. Soveel so dat 'n groep van haar kliënte haar bederf het met 'n totsiens-geleentheid. Dit is wie sy is en wat sy saamneem Aggeneys toe. In sy afskeidsboodskap aan Liezel het Hubert gesê Prime Cut Meats was eintlik Liezel se slaghuis.

Hierdie tenger vroutjie het 'n skaap van die haak af oor haar skouer gegooi en hom opgesaag in Prime Cuts. Sy is Hubert ewig dankbaar vir die geleentheid wat hy haar gegee het en sy gaan voortbou op sy voorbeeld om mense op te lei en hul kennis in die vak te verbreed.

Ons wens die Stemmet-gesin, wat vir 4 jaar ook deel van ons bestaan was, alle voorspoed toe daar ver in die Noordkaap. "Maar," sê Liezel, "hulle sal moet verstaan dat haar gesin prioriteit nommer een is en so sal bly." Wihan, Liezel, Anke en Sussie, julle vlerke is gesprei. Vlieg saam en vlieg hoog!!

**Carine Badenhorst**


















# Bederf met Spier se prestige wyne


*Japie Spies, Anne-Maré de Witt, Anthony Kock, Francois van der Walt en Ian de Witt.*

"Dit is ons vyfde wynproe-aand vir die jaar en dit is 'n voorreg om vanaand met Spier se uitsonderlike en beste versameling wyne bederf te word," het voorsitter Japie Spies tydens Gansbaai Wynproegilde se byeenkoms van Dinsdag, 24 Junie 2024 in die Great White House gesê. Nadat enkele formaliteite afgehandel is, het hy Spier se aanbieders, Anthony Kock, vergesel deur Francois van der Walt, bekendgestel.

"Wyn en die onderskeie smake daarvan is 'n persoonlike saak, maar as wynmaker sien ek myself as 'n kunstenaar," het Anthony, wat die aanbieding hanteer het, gesê. Hy het bygevoeg dat Spier 'n Wynplaas is en nie 'n Wynlandgoed, aangesien hulle druiwe aangekoop word. Anthony het aanvanklik Hotelbestuur studeer en in hotelle en gastehuise gewerk. Hy is sowat 19 jaar deel van die Spierfamilie: in 2020 is hy as Assistent Wynmaker aangestel, in 2021 vorder hy na Witwynmaker en is tans Spier se Senior Witwynmaker. Anthony is talle kere al as beoordelaar vir die Nasionale Jongwynskou, asook vir Veritas Wynkompetisies, gekies. Francois het as Wynopvoeder (*Wine Educator*) by Spier begin en is tans die Wynverkoopsbestuurder - hy is sowat 27 jaar deel van die spierfamilie.

Die gaste is met 'n *Spier Brut Cap Classique* (2023), verwelkom. Die res van hulle uitstekende wyne wat te proe aangebied is, het te veel hoë-vlak toekennings ontvang om alles hier te lys. Die proewyne was: *Creative Block 2* (2024 - versnit Sauvignon Blanc / Semillion); *Seaward Chardonnay* (2024); *21 Gables Chenin Blanc* (2022); *Seaward Shiraz* (2022); *Creative Block 5* (2021 - versnit Cabernet Sauvignon / Merlot / Cabernet Franc / Petit Verdot / Malbec); *21 Cables Pinotage* (2020 - 'n 'beleggingswyn' wat gebêre kan word). Met die nagereg is 'n *Spier Noble Late Harvest* (2024) aangebied, wat 'n nuwe vrystelling van Spier is. Die gaste se keuse vir die witwyn van die aand was *Creative Block 2*, die rooiwyn van die aand was *Creative Block 5*, met die *Creative Block 2* as die wyn van die aand. Chris Pead en sy span van die Great White House was op hulle tone met die spyskaart en bediening. *Wild Mushrooms* as voorgereg, *Grilled Pork Neck Steak* met bykomstighede as hoofgereg en *Baked Orange Pudding* as nagereg.

Die gebruiklike geluktrekkings met die bestelvorms het drie lede breed laat glimlag - hulle is met puik gehalte wyne huis toe. Daarna het Ian en Anne-Maré de Witt aan die twee aanbieders, Anthony en Francois, elk 'n Gansbaai Wynproegilde-voorskoot oorhandig. Hierdie voorskote word al jare deur Deon en Erika Oosthuizen geborg - met groot waardering teenoor hulle. "Ons het 'n pragtige getal van 61 gaste by vanaand se byeenkoms gehad," het Japie gesê. "Dit word as besonders beskou, aangesien daar geen gaste was nie - die lokaal was net met lede volgepak!"

**Hardus Botha**


*Die Great White House se puik Kombuisspan.*

## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care: | 066 222 7219 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |




## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Maryna Basson - 073 439 1979
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Johan Pieterse - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

# Marine Dynamics crowned winner of the ATTA® Marine Impact Award




***Fern Montgomery accepted the award on behalf of Marine Dynamics.***

Marine Dynamics Shark and Whale Tours has been honoured with the ATTA® Marine Impact Award during the Experience Africa Travel Conference in London on 23 June 2025. The award recognises organisations making a tangible difference in protecting Africa's marine and coastal environments while fostering long-term community benefits. Accepting the award on behalf of Marine Dynamics was Fern Montgomery, Sales Director in London at 3Sixty Luxury Marketing, a valued tourism partner and friend. Now in its inaugural year, the ATTA® Marine Impact Award shines a spotlight on organisations whose marine or coastal initiatives have measurable impacts on conservation, education and community engagement along Africa's coastlines.

Marine Dynamics is a leader in marine eco-tourism in Gansbaai, South Africa. Over the past 25 years, the organisation has seamlessly combined shark cage diving and whale-watching with marine science, education, pollution initiatives, and community empowerment. Its ecosystem includes the Dyer Island Conservation Trust, the African Penguin & Seabird Sanctuary (APSS), the Marine Dynamics Academy volunteer programme, and a tourism hub at the Great White House.

CapeNature CEO Dr Ashley Naidoo congratulated Marine Dynamics on receiving the ATTA® Marine Impact Award. "As a long-standing partner through their work on Dyer Island and with the Dyer Island Conservation Trust, Marine Dynamics play an important role in supporting our conservation efforts along the Overberg coastline. Their work contributes to the protection of marine species and habitats, while also creating opportunities for education, skills development, and scientific research. This international recognition highlights the value of consistent work over many years."
By leveraging tour-based marine observations and partnerships with marine biologists, Marine Dynamics has contributed to over 30 peer-reviewed scientific papers - advancing understanding of key species and informing conservation policy. Judges of the ATTA® Marine Impact Award praised the finalists, noting the importance of initiatives that both preserve ocean ecosystems and empower local coastal communities. "This award is a testament to what's possible when conservation and tourism are united with purpose," said Wilfred Chivell, CEO of Marine Dynamics and Founder of the Dyer Island Conservation Trust. "Over 25 years, our team's commitment to scientific research, local upliftment, and marine stewardship has established a new model for sustainable tourism. We are



honoured to receive this international recognition and inspired to continue protecting our ocean heritage." For more information, visit www.marinedynamics.co.za

**Christine Wessels (Public Relations Marine Dynamics)**





**2025 SPRINGBOK FIXTURES**

**Live Screening Events**

- Sat, 5 July - SA vs ITALY
- Sat, 12 July - SA vs ITALY
- Sat, 19 July - SA vs GEORGIA
- Sat, 16 Aug - SA vs AUSTRALIA
- Sat, 23 Aug - SA vs AUSTRALIA
- Sat, 6 Sep - SA vs NEW ZEALAND
- Sat, 13 Sep - SA vs NEW ZEALAND
- Sat, 27 Sep - SA vs ARGENTINA
- Sat, 4 Oct - SA vs ARGENTINA
- Sat, 8 Nov - SA vs FRANCE
- Sat, 15 Nov - SA vs ITALY
- Sat, 22 Nov - SA vs IRELAND
- Sat, 29 Nov - SA vs WALES



Happy BIRTHDAY 5 YEARS
GANS-BERG NEWS
Dear Gans Berg
Congratulations on 5 years!
from xplorio
Fish Fever BK
Hengel- en Duiktoerusting
Hoofstraat, Gansbaai - 028 384 0089
VEELS GELUK OP 'N SUKSESVOLLE 5 JAAR!
AJ BANDEDIENSTE
DUNLOP
CONTACT US
072 918 9197
0280540037
HAPPY BIRTHDAY
Gans-Berg News
FRANSKRAAL
LAUNDRY SERVICE - 072 170 3779
Happy 5th Birthday
Gans-Berg News
Franskraal
Tool Hire
Visit us for all your Tool Hire needs.
John Collen - 082 902 5793
john@jlk.co.za
Happy Birthday
Gans-Berg News
Gansbaai Vismark
GANSBAAI HARBOUR
071 384 7838
Baie geluk met 5 jaar mylpaal.
Dankie vir als wat julle al vir Gansbaai Vismark gedoen het.
PET FOOD EXPRESS
FOR ALL YOUR PET'S NEEDS
info@kolie.co.za
Pet Food Express Pty Ltd
HAPPY Birthday
on 5 years
Happy BIRTHDAY
from all of us at
Grootbos Foundation
Sarona's
Beauty Clinic
Kom besoek ons by
h/v Hoof- & Voortrekkerstraat
Cell: 082 563 5793
Veels geluk met Gans-Berg Nuus se 5de verjaarsdag.
Seeff
Success with every move.
Gelukkige 5de Verjaarsdag, Gans-Berg Nuus!
Van ons almal by Seeff Walker Bay, baie geluk met vyf wonderlike jare waarin julle ons gemeenskap verbind en inlig hou.
Ons is trots om plaaslik media te ondersteun wat Gansbaai se unieke leefstyl vier.
Ons wens julle alle sukses vir die volgende 5 jaar.
Franskraal
Trailer Hire
Visit us for all your Trailer Hire needs.
John Collen - 082 902 5793
john@jlk.co.za
Veels Geluk
Gans-Berg Nuus
D&J TOURS
TAXI SERVICES
D & J TOURS
Door To Door
24h Service
WE'LL PICK YOU UP ANYWHERE AT ANYTIME
GANSBAAI & SURROUNDING AREAS
Specialize in:
· Pub Transfers
· Restaurant Transfers
· Shopping Transfers
· Airport Transfers
· Overberg Transfers
· Western Cape Areas
CALL US
Call or Whatsapp: Jerome: 072 984 3763
Delmaine: 060 973 8804
Email: djtours101@gmail.com
Kaliko
BOUTIQUE FABRIC SHOP
076 474 8715 - 083 236 9514
FOR ALL YOUR SEWING AND CREATIVE SUPPLIES!
happy birthday!!

# State of Conservation Report

*The 2025 State of Conservation Report highlights the progress and priorities in protecting Western Cape biodiversity*. CapeNature launched the 2025 State of Conservation Report on 26 June 2025 at its annual Conservation Review, offering a clear, evidence-based view of the Western Cape's biodiversity and how conservation efforts are measuring up.



***Cape De Hoop Nature Reserve Bontebok***

Key themes emerging from the report include sustained efforts to build biodiversity resilience in the face of climate change, the value of strategic partnerships, and the growing integration of monitoring data into planning and policy. These insights are underpinned by extensive fieldwork, spatial analysis, and ecological monitoring across river corridors, mountain fynbos, and coastal habitats. The report provides a valuable snapshot of how species and ecosystems are faring amid ongoing pressures from land-use change, climate variability, and biodiversity loss.

Significantly, CapeNature added 13 117.41 hectares to the Western Cape's protected area network since the last annual update, expanding the conservation estate to 1 095 428 hectares as of 31 March 2025. "This report is more than a reflection of where we stand environmentally. It is also a useful guide for decision-making in a way that strengthens both ecosystems and communities," said Anton Bredell, Western Cape Provincial Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning. "The report tracks key indicators that inform where conservation action is most needed and where it is already yielding results. I commend CapeNature and its partners for the rigour and collaboration that underpin this important work."

Conservation successes noted in the report highlights close co-operation between government, private landowners, communities, research institutions, and other partners. Stewardship agreements with private landowners continue to secure ecologically important land outside formal reserves, while survey and data partnerships with research networks have enhanced the accuracy and reach of biodiversity monitoring efforts. "The resilience of our ecosystems and the services they provide is key to the well-being of the people of the Western Cape and the long-term sustainability of the province," said CapeNature CEO Dr Ashley Naidoo. "This Report provides insights to where we are succeeding, where challenges remain, and how we can collectively respond, with the help of our partners."

The State of Conservation Report outlines CapeNature's commitment to align its reporting with the South African State of Environment Outlook Report (SoEOR) and international environmental and conservation reporting obligations such as through the United Nations Convention on Biological Diversity. The Report describes CapeNature's response to its primary mandate to conserve species and ecosystems that provide essential ecosystem services such as clean water, disease resilience, atmospheric absorption and carbon storage, which helps to ensure a more resilient and sustainable future for both people and the environment.

**Petro van Rhyn, Advocacy Communication Officer**







# Conservation Review - 2025 highlights

Western Cape's biodiversity and conservation resilience and adaptability
CapeNature showcased its significant achievements in conservation operations and exceptional biodiversity protection over the past year.




*(L-R) CapeNature Board member Prof Gavin Maneveldt, CapeNature Executive Director: Eco-Tourism & Access Sheraaz Ismail, CapeNature Board Member Tom Blok, CapeNature Executive Director: Biodiversity Capabilities Coral Birss, Western Cape Department of Environmental Affairs Head of Department Gerhard Gerber, Provincial Minister Anton Bredell, CapeNature Board Member Dr Razeena Omar, UWC Vice-Chancellor Prof Robert Balfor, CapeNature Board Member Prof Nicolaas Olivier, CapeNature CEO Dr Ashley Naidoo.*

The central message throughout the event and central to the theme was an emphasis on the successful partnerships the Entity has cultivated with stakeholders. Many of these partners were also in attendance, showcasing delivery on collaborative projects. The Entity relies on the productive co-operation of many partners to successfully execute its mandate in the Western Cape. The two-day event, held at the University of Western Cape's Life Sciences Auditorium on 26 and 27 June, aligned to the theme "*Adapting Together: Forging a Resilient Tomorrow*", featured lively panel discussions with both CapeNature and partner panellists on several conservation and biodiversity related topics, which kept the audience captivated.

The highlight of the event took place on day one, as CapeNature released its 2025 State of Conservation Report. The report is underpinned by significant fieldwork, analysis and ecological monitoring across river corridors, mountain fynbos, and coastal habitats. The report also helps to provide a snapshot of how species and ecosystems are faring and where more conservation work is needed to strengthen ecological resilience.

Western Cape Provincial Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning, Anton Bredell, said, "CapeNature continues to demonstrate that when we work together, we can achieve good results for conservation in the Western Cape. The partnerships and work showcased at the Conservation Review are measurable environmental outcomes. This event, and the launch of the State of Conservation Report, reflect a collaborative effort in the face of growing environmental pressures in the province."

CapeNature CEO, Dr Ashley Naidoo, said collaboration for positive conservation outcomes, incorporating a diversity of land-uses, stakeholders, and mechanisms are all key to promoting positive conservation and biodiversity outcomes. "Without close co-operation with partners, government, and our stakeholders we would not be able to manage our protected areas effectively, meaningfully engage with a wide range of stakeholders and expand our conservation estate."

The event also explored upscaling of enforcement and consideration of the ecological intelligence to effect compliance, highlighting the Entity's record of prosecutions, advancements in negating the impacts of succulent plant poaching, coastal and marine compliance and enforcement. Other issues explored included the impacts of fire and invasive alien plant management on biodiversity and ecosystem functioning, water security, and the increased resilience of our ecosystems and species through partnership, coordinated monitoring, and management. More images available here: https://we.tl/t-yQWtzwrGdY

**General Manager: Advocacy Communication Officer Petro van Rhyn**

## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 04/07/2025 | Saturday 05/07/2025 | Sunday 06/07/2025 | Monday 07/07/2025 | Tuesday 08/07/2025 | Wednesday 09/07/2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |
| 14° | 14° | 12° | 13° | 14° | 14° |
| Fresh Breeze 10 m/s from north-west 6.4 mm precipitation. | Moderate Breeze 7 m/s from west 0.6 mm precipitation. | Fresh Breeze 9 m/s from south-west 2.1 mm precipitation. | Moderate Breeze 6 m/s from north-west 0 mm precipitation. | Moderate Gale 14 m/s from north-west 0.3 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from west 1 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 04 July | 1029 | 2249 | 0425 | 1620 |
| 05 July | 1142 | 2350 | 0528 | 1729 |
| 06 July | 1242 | 0043 | 0623 | 1828 |
| 07 July | 1330 | 0128 | 0709 | 1919 |
| 08 July | 1411 | 0200 | 0750 | 2003 |
| 09 July | 0209 | 1447 | 0827 | 2042 |
| 10 July | 0247 | 1522 | 0902 | 2120 |
| 11 July | 0324 | 1555 | 0936 | 2158 |
| 12 July | 0401 | 1630 | 1011 | 2236 |
| 13 July | 0439 | 1706 | 1046 | 2315 |
| 14 July | 0518 | 1744 | 1123 | 2357 |
| 15 July | 0600 | 1827 | 1204 | 0044 |
| 16 July | 0647 | 1914 | 1248 | 0138 |
| 17 July | 0740 | 2009 | 1341 | 0200 |

# Poegies val in die pad na Hentiesbaai


*Manny de Bruyn op sy splinternuwe Poegie.*

Dit is Sondag, 29 Junie 2025 - dit is 03:30 die oggend - dit is stikdonker - dit is stortreën - dit is onder die afdak van Birkenhead Motors (Shell-motorhawe) - en daar is hulle: 5 Poegies (Scooters) in 'n ry - wag om die sowat 2 000km na Hentiesbaai aan te pak. Die 5 'manne-van-staal' is: Manny de Bruyn, Japie Geldenhuys, Marius Alberts, Gerrie Schutte en Kobus Geyser - alles ten bate van Ikamva Jeugontwikkeling.
Saamgedrom onder die afdak oor die petrolpompe staan eggenotes, vriende en familie - 'n groot geselligheid en gekuiery met koffie en beskuit en goeie wense vir die Poegie-rit. Dan begin die Poegie-avonturiers gereed maak. Die Poegies is reeds tuis gepak - alles is in holtes gepak wat mens seker 'bagasie-ruimtes' kan noem! Die 5 manne, saam met almal wat afskeid kom neem het, vorm 'n kring - 'n opregte gebed word vir hulle veilige bewaring op die pad gedoen. Spesiale reënbaadjies, maskers, handskoene en helmets word aangetrek - toe word daar gegroet. Geliefdes deel drukkies en soentjies uit - en Manny tik op sy horlosie - en dan, onder luide toejuiging trek hulle om 04:15 weg op hulle lang pad, met Buco se bakkie wat tot in Caledon saamry.

Soos in vorige berigte in die Gans-Berg Nuus gemeld, beplan hulle om vanaf Gansbaai na Hentiesbaai in Namibië en terug op 'n Poegie se saal deur te bring - 4 000km! Die Poegies se 'kragtige' enjins is 'n skrale **125cc tot maksimum 150cc**. "Ons beplan om die rit daarheen en terug in 10 dae, maksimum 12 dae, af te lê," het Manny tydens 'n vorige onderhoud gesê. "Ons besef dit sal 'n fisiese en 'n geestelike uitdaging wees wat met spanning en uitputting gepaard sal gaan, maar ons is vol moed om deur te druk."

Nou-ja, alle bekendes, insluitend die Redaksiespan van die Gans-Berg Nuus, wens hierdie 5 manne net die beste toe, asook 'n veilige rit - 'n uitdaging is dit gewis, maar hulle is vol moed om hul uiteindelike doel te bereik! Enige nuus wat intussen van hulle ontvang word, sal met ons lesers gedeel word. Loer gerus ons Sosiale Media platvorms Facebook en TikTok.


*Die 5 Poegie-avonturiers.*

**Hardus Botha**












# Brain Teasers / Kopkrappers




| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 8 | | 1 | | |
| 7 | | | | 1 | | 2 | | |
| 4 | | | 6 | | | | | 3 |
| 6 | | | | 2 | | | 1 | |
| | | 7 | | | | | 5 | 9 |
| | 3 | | | | | | | |
| | | | 3 | | | | | |
| | 8 | 5 | | | 1 | 9 | | |
| 3 | 7 | 9 | 4 | | | 8 | | |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| X | K | A | E | R | B | T | U | O | T | H | E | A | B | Y | S | S |
| S | H | J | R | E | J | H | C | X | A | A | Z | T | K | R | U | Q |
| C | O | L | E | Q | S | U | R | A | L | T | I | M | E | C | O | P |
| S | X | V | H | U | K | U | R | I | P | M | A | D | M | A | X | D |
| R | K | N | P | I | N | E | E | A | M | M | P | B | G | N | L | T |
| E | E | A | S | L | S | N | R | N | S | L | I | O | T | E | S | K |
| N | E | U | G | I | S | L | L | T | A | S | D | P | I | S | C | N |
| I | N | R | A | B | L | M | E | N | R | Z | I | F | E | A | S | O |
| L | I | E | E | R | I | S | E | E | I | A | R | C | J | E | T | W |
| T | H | Y | J | I | T | T | I | L | P | E | T | E | P | H | D | I |
| A | S | K | L | U | H | Z | L | G | V | E | E | S | R | A | Q | N |
| L | N | Y | W | M | E | A | P | O | N | R | R | E | N | U | R | G |
| F | U | C | G | K | R | Q | L | F | F | S | Y | D | Y | P | A | K |
| Y | S | D | P | H | M | C | K | C | A | L | B | N | I | N | E | M |

ALIENS
CLOVERFIELD
DEEP IMPACT
EQUILIBRIUM
FLATLINERS
FREEJACK
GODZILLA
HULK
JURASSIC PARK
KNOWING
MAD MAX
MEN IN BLACK
OUTBREAK
PUSH
RED PLANET
SIGNS
SLEEPER
SLITHER
SPHERE
STAR TREK
SUNSHINE
THE ABYSS
TIMECOP

## ANSWERS

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 6 | 7 | 8 | 5 | 2 | 9 | 3 | 4 | 1 |
| 9 | 1 | 3 | 7 | 8 | 4 | 6 | 5 | 2 |
| 4 | 2 | 5 | 1 | 3 | 6 | 7 | 8 | 9 |
| 7 | 9 | 6 | 2 | 4 | 3 | 8 | 1 | 5 |
| 3 | 4 | 2 | 8 | 5 | 1 | 9 | 6 | 7 |
| 5 | 8 | 1 | 6 | 9 | 7 | 4 | 2 | 3 |
| 8 | 5 | 9 | 3 | 6 | 2 | 1 | 7 | 4 |
| 2 | 3 | 7 | 4 | 1 | 8 | 5 | 9 | 6 |
| 1 | 6 | 4 | 9 | 7 | 5 | 2 | 3 | 8 |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | L | I | Z | A | R | B | V | S | R | A | W | R | A | T | S | L |
| O | R | N | S | N | D | K | A | P | X | H | B | G | D | S | Y | C |
| A | A | C | D | U | N | E | R | W | V | C | K | T | I | R | T | A |
| C | T | E | X | Y | P | E | Y | B | R | H | U | L | S | Q | I | R |
| O | A | P | E | V | D | E | N | T | S | O | O | B | N | Y | C | E |
| N | V | T | U | A | X | O | R | S | I | P | B | E | E | F | K | N |
| T | A | I | T | J | O | I | T | M | O | N | I | O | Q | H | R | N |
| A | S | O | V | C | H | A | R | R | A | L | E | O | C | Q | A | U |
| C | R | N | O | E | R | D | T | T | A | N | Q | R | E | O | D | R |
| T | H | C | P | G | G | E | R | L | A | W | K | N | E | S | P | E |
| V | I | G | A | B | M | O | Y | R | L | M | N | Q | O | S | N | D |
| J | G | T | R | A | N | S | F | O | R | M | E | R | S | O | S | A |
| E | E | O | Y | W | A | C | A | T | T | A | G | H | Z | G | M | L |
| U | M | S | O | L | A | R | I | S | P | L | A | D | T | A | M | B |

# CLASSIFIEDS

**CNC Sweis & Staal**
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

**KLEINMOND SKRYNWERKERS**
Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**
Hardus:
082 786 0494
info2@gansberg.co.za

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**

**Anglo Windows**
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*

Hilton Hitge
084 558 1902
*info@anglowindows.co.za*

WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

**Maintenance Man**
*Noem dit en ons doen dit!*
Kontak Deon: 076 838 2890

**PLACE YOUR ADVERT HERE**

**Te Koop**
'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**



**ADVERTISE HERE**
**CALL US 078 010 8286**


**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**
* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R680 per meter
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal (Prys net vir Gansbaai Area) Ons diens dek die hele Overberg
**Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204**

**BOSMAN VERWERS**
Kontak ons vir 'n kwotasie vir verf van Huise binne/ buite/ houtwerk of dak


Hennie & Elana Bosman

082 570 0907 / 082 533 3580



**GANSBAAI PROPERTIES**
028 384 1197 082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
We hold the key to your property

**HULP MET VUURWAPENLISENSIES**
Riaan Booysen: 074 203 6658
riaanbooysen@webmail.co.za

**Put your advert here**
**Contact us at 078 010 8286**

**ALCOHOLICS ANONYMOUS**
UNITY SERVICE RECOVERY
DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
THERE IS HELP...
060 597 5419
078 307 7783

## CONTACT US TO ADVERTISE:

Michelle:078 010 8286
michelle@gansberg.co.za

Saskia:068 697 9945
saskia@gansberg.co.za

**Medical 911**

CMC Critical Medical Care
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
Private Ambulance
Hermanus | Gansbaai | Caledon | Overberg

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

# Gansbaai Gholfklub
# Brawe gholfspelers in wind en weer

Net 5 brawe gholfspelers het Vrydag, 27 Junie 2025 se 9-putjie Enkel Stableford aangedurf, met Deon Momberg wat met 16 punte gewen het. Saterdag, 8 Junie 2025 se Enkel Stableford kompetisie is deur Berty Sassman met 13 punte gewen.

**Woensdag, 25 Junie:**
Geen gholf as gevolg van die weer.


Bertie Sassman.


Deon Momberg.

**Vrydag, 27 Junie:**
Net 5 brawe manne het kans gesien om die wind en koue aan te durf om in die 9-putjie Enkel Stableford te speel. Die wenner was Deon Momberg met 16 punte, gevolg deur Sakkie van der Merwe 14, George Hunt 13, Jean du Plessis 9 en Jacques Louw 7.

**Saterdag, 28 Junie:**
Berty Sassman wen die Enkel Stableford kompetisie met 33 punte, gevolg deur Bertie Laubscher 32, Andrew Dalgleish 31, Bev Swart 31, Solly Wessels 29, Clive Bailey 28, Neil Harrison 27, Jacques Louw 26 en Pieter Kruger 25.
Naaste aan die pen op no 8 was Pieter Kruger.

**Saterdag, 5 Julie:**
Dit is die Dogs of War sponsordag. Ons hoop dat daar 'n groot opkoms sal wees.

**Verjaarsdae:**
Athol Kent (1ste), Dirk van Dyk (2de), Jonell Howard (2de), Wouter von Waltleben (2de), Dave Sawtelle (3de), Sextus Neethling (7de), John Wellman (8ste) en Elisabeth Sauter (8ste).


**Steakaand:**
Kom en geniet hierdie heerlike samekoms op Vrydag, 11 Julie - moenie dit misloop nie!

**Groete,**
**Johan Coetzee 082 878 0534**



**Good arrest by Gansbaai Crime Prevention Unit:**
**A female from Blompark appeared in the Hermanus Magistrates Court - the suspect was charged for the possession of drugs. The Station Commander applauded the members for the great job and for protecting our community - “Together we can!”, he said.**

**Sgt Abigail Naidoo,**
**Communication Officer.**




**CONTACT US TO ADVERTISE:**

Michelle:
078 010 8286
michelle@gansberg.co.za
Saskia:
068 697 9945
saskia@gansberg.co.za

**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**

Hardus:
082 786 0494
info2@gansberg.co.za

2301 7238
6 001224 624601

GansBerg Nuus/News

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond,
Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

Put your advert here

Office National
Contact us to order your Personalised Rubber Stamps. We offer an on-site service
028 313 0003
22 Arum Street, Industrial Area, Hermanus 7200
hermanus@officenational.co.za
www.hermanusofficenational.co.za

# Norman Sauls tree na 49 jaar af as Kerkraadslid...
# ...ontvang Eredoktorsgraad



*Jacob Prins en Norman Sauls.*

"Die rede vir vandag se spesiale byeenkoms is om afskeid van Norman Sauls te neem - na 49 jaar as kerkraadslid van die VGK-gemeente," het Gordon Cornelius, Seremoniemeester, tydens sy verwelkomingsboodskap gesê. "Die funksie het egter 'n 'stertjie' wat later bekendgemaak sal word." Die 'stertjie' was inderdaad om hom ook met 'n spesiale toekenning te vereer.

*All Nations University of South Africa* het 'n Eredoktorsgraad in Godgeleerdheid (*Honorary Doctorate in Divinity*) op 22 Junie 2025 aan hom toegeken. Dit is nie 'n Akademiese Doktorsgraad nie, maar 'n Eredoktorsgraad ter erkenning van sy toewyding in die werk van die Koninkryk van God. Prof Jacob Prins het die ere-toga om Norman se skouers gehang.

Die program het vlot verloop, met verskeie gassprekers wat oor Norman gepraat het. "Vir 49 jaar was die Kerk eerste in Norman se lewe en ek tweede," het sy eggenote Cathy, gesê. "Nou is hy myne!" Na die verrigtinge is smaaklike verversings in die kerksaal aangebied.

**Samuel Norman Sauls**
Gedurende April 1974 het Norman saam met sy ouers vanaf Bredasdorp-omgewing na Gansbaai verhuis. Hier was hy vir baie jare in diens van Gansbaai Marine. Op 30 September 1978 word Norman en Cathy in die huwelik bevestig. Twee seuns, Vernando en Julian, asook twee dogters, Jolande en Carol, is uit die huwelik gebore. Deur al die jare heen was Norman 'n gemeenskapsmens en opregte Kerkmens wat 'n suiwer pad met die Evangelie geloop het. Hy was ook by verskeie organisasies betrokke waar hy diep spore getrap het. Na sy uitdienstreding as kerkraadslid, is Norman steeds betrokke by Ikamva Jeugontwikkeling as Projekbestuurder, waar sy dogter, Jolande Sauls, die Bestuurder is. Die redaksiespan van die Gans-Berg Nuus wens Norman en Cathy net die beste toe op hulle nuwe lewenspad.

**Hardus Botha**


*Jolande (dogter), Jacob Prins, Norman Sauls, Cathy (eggenote) en Carol (dogter).*

Coastal HIRE
GANSBAAI
076 924 9915
gansbaai@coastalhire.co.za
7A Industry Circle, Gansbaai, 7220.
Serving all your equipment hire needs